


## #HoeNou?! – Episode 6: Waar kom jogurt en maaskaas vandaan?

Weet jy wat die verskil tussen jogurt en kaas is, hoe waardevol wei is, of dat die woord “maaskaas” deels van Zoeloe af kom? En dan het ons nog nie eers gepraat van al die idioome wat met melk te make het nie!

Kyk eers na hierdie illustrasie vir die verskillende prosesse van melk:



### Die verskil tussen jogurt, maaskaas, dikmelk/suurmilk

#### Het jy geweet?

- **Jogurt** (in Engels *yoghurt*) < Turks waar die stam yog- iets beteken het soos ‘dik’, ‘intens’, ‘gekondenseerd’ – net soos melk.
- Hierdie suur, warm melk is al vir duisende jare gebruik in Egipte, Rome en Griekeland, waar dit inderdaad **suur melk** (oxygala) genoem is.
- **Maaskaas** < In Zoeloe verwys *i-si* na ’n melkklont, *ama-si* is die meervoud en beteken baie melkklonte.
  - Daarom, as jy jou dikmelk in ’n moeseliendoek hang, en die wrangal en die wei skei, dan maak jy met daardie oorblywend *ama-si* – die klonte – **maaskaas**
    - Die dikmelk dien ook as basis vir talle ander kaassoorte, wat gemaak word met ander tipes bakterie, ens.

#### Idiome wat met melk te make het

**Bronne:** *Wat praat jy!* Johanna de Wet (Protea Boekhuis) & Bible Society of South Africa. Die Bybel 2020-vertaling met Deuterokanonieke boeke (Afrikaans Edition) (p. 157). Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Kindle Edition:

- **Dis die land van melk en heuning.**
  - Dis die land waarin alles voorspoedig gaan. Alles is volop.
  - Eksodus 3:8 > Kanaän: “n land wat oorloop van melk en heuning”
    - **Heuning** = nektar van dadels (of dalk ander vrugte). Dui dus op vrugbare grond, en nie regte egte heuning nie
    - **Melk** = diere wat op goeie en oorvloedige weigrond loop
    - Die kernwoord is dus **oorloop**: die oorvloedigheid van God se genade en sy belofte.
- As jy by Witput in die Noord-Kaap oor die treinspoor ry, sê die padbordjie: Jy is nou in die land van melk en heuning; bring net jou eie koeie en bye. (*uit: Met een voet in die Bybel* Gert Janse van Rensburg (Kreativ SA))
- **Die jaar braai die dikmelk onder die as en die botter bo-op die rooster** (VivA-gesegdes op VivA-app – opgeteken in Garies – *Varsgebek* - 2016)
- **Dit beteken:** Alles sal so oorvloedig wees dat mens daarmee kan mors.
- **Hy het sy melk weggeskrik.**
- **Dit beteken:** Hy het baie groot geskrik.
  - Koeie wat gestres is, se melkproduksie neem af.

#### Nog idiome:

- **Hy het niks in die melk te brokkel nie.**
  - Hy het geen seggenskap nie.
- **Hy sal die melk uit jou koffie steel.**
  - Hy is baie skelm.
- **Hy melk sy ouers.**
  - Hy eis baie van hulle.
- **Sy het in die melk geval.**
  - Sy is spierwit aangetrek.
- **Die koei het in die melk gekom.**
  - Sy het 'n klein kalfie.
- **Hy is van melk en bloed.**

- Hy is 'n goeie mens.

### **Nog suiwilverwante uitdrukkings:**

#### **Botter:**

- **Dis om botter aan die galg te smeer.**
  - Botter aan die galg sou die hangproses gladder laat plaasvind het, maar dis in elk geval onnodige of sinnelose moeite.
- **Dis botter op sy brood.**
  - Dis net wat hy wil hê.
- **Hy het in die botter geval.**
  - 'n Geluk het hom getref.
- **Hy is so sterk soos ou botter.**
  - Skertsend gesê van iemand wat met sy krag te koop loop. Ou botter ruik skerp.
- **Het jy botter in jou hand?**
  - Gevra wanneer iemand iets maklik laat val.
- **Jy wil die botter aan beide kante gesmeer hê.**
  - Jy wil al die voordeel aan jou kant hê.
- **Vars botter en warm brood is 'n ou man se bittere dood.**
  - 'n Skertsende waarskuwing as 'n ouerige man met 'n jong meisie trou.
- **Hy het met sy neus (of sitvlak) in die botter geval.**
  - Hy het dit baie gelukkig getref.
- **Hy rol in die botter.**
  - Hy is baie ryk.
- **Die botter het alleen geslaap.**
  - Vanweë die koue is die botter hard.
- **Die botter sal braai.**
  - Die waarheid sal uitkom. N.a.v. die storie van Wolf en Jakkals.
- **Dis botter teen die boom.**
  - Hulle is danige vriende/Hulle is kop in een mus.

- **Die botter sal tussen daardie twee nie afkom nie.**
  - Hulle kan nie saamwerk nie. As room gekarring word, word botter in die proses afgeskei.
- **Dis so maklik (of waar) soos botter en brood.**
  - Dis baie maklik.
- **Dis botter by die vis.**
  - Dis kontant.
- **Hy het daar gesit asof botter nie in sy mond kan smelt nie.**
  - Hy het ewe vroom en onskuldig gesit.

**Room:**

- **Sy het die room afgeskep.**
  - Sy het die beste vir haarself gehou.
- **Hy het die room van die spelers in sy span.**
  - Hy het die beste.

**Kaas:**

- Die een is kaas, die ander een brood.
  - Die een is beter as die ander.
- **Ek sal nie toelaat dat jy die kaas van my brood af-eet nie.**
  - Ek sal nie toelaat dat jy my benadeel nie.
- **Jy probeer my wysmaak die maan is van groen kaas.**
  - Jy wil my vertel dat die onmoontlike moontlik is.
- **Hy dink hy is kaas, dan is hy nog nie eens dikmelk nie.**
  - Hy dink baie van homself, maar is minderwaardig.
- **Hy het sy kaas gehad.**
  - Hy is moeg daarvoor.
- Dis harde kaas.
  - Dis daarnatoe.
- **Ek gaan vanaand kaas eet by haar.**
  - Ek gaan by haar kuier.

**Bronne:**

- [The Etymology of the Word 'Yogurt' | Bon Appétit \(bonappetit.com\)](#)
- [Why is Israel called the land of "Milk and Honey"? - Questions & Answers \(chabad.org\)](#)
- <https://en.wikipedia.org/wiki/Amasi>
- <https://en.wiktionary.org/wiki/isi#Zulu>
- <https://en.wikipedia.org/wiki/Curd>
  - [https://af.wikipedia.org/wiki/Kwark\\_\(suiwelproduk\)](https://af.wikipedia.org/wiki/Kwark_(suiwelproduk))
- <https://www.farmdrop.com/blog/make-yoghurt-scratch-5-easy-steps/>
- <https://www.facebook.com/oumabeer62/posts/suurmelkdikmelk-magouas-mens-wil-egte-dikmelk-maak-dan-is-dit-beter-om-met-ongep/10150902431504839/>
- [https://www.dbnl.org/tekst/leip001polf01\\_01/leip001polf01\\_01\\_0010.php](https://www.dbnl.org/tekst/leip001polf01_01/leip001polf01_01_0010.php)
- <https://www.pressreader.com/south-africa/die-burger/20190501/282282436720312>
- <https://en.wiktionary.org/wiki/jogurt>
- <https://nl.wikipedia.org/wiki/Yoghurt>
- <http://anw.inl.nl/article/yoghurt#subject:semagram>

**BRON EN EIENDOMSREG:** GERHARD VAN HUYSTEEN EN SU-AN MÜLLER-MARAIS.